LANDBOUTEGNOLOGIE

Beste Graad 12 Landboutegnologie-leerder
Die vak Landboutegnologie fokus op tegnologie wat in die landbou gebruik word. Die vak dek die kennis hoe prosesse, gereedskap, toerusting, strukture en vaardighede deur boere benut word om landbougrond te bewerk en voedsel en produkte te produseer deur van verskeie produksieprosesse, die handhawing en onderhouding van kwaliteit lewensstandaarde, en die uitbouing van ekonomiese en estetiese en goeie kulturele waardes gebruik te maak.

Oorsig van kennis
- Tegnologie, samelewing en die omgewing
- Tegnologiese prosesse
- Spesifieke kennis en begrip
- Toepassing van kennis

Vakvereistes
Skole moet behoorlik toegeruste werkswinkels en voldoende menslike hulpbronne beskikbaar hê waar praktiese demonstrasies, lesse en die praktiese assesseringtaak gedoen kan word. Maak seker dat jy 'n handboek, oefenboek, sakrekenaar, liniaal, uitveër, pen en potlood het.

Tydtoewysing vir Landboutegnologie
Vier ure per week word aan Landboutegnologie toegeken. Een ononderbroke periode van twee uur moet per week vir praktiese werk toegeken word. Praktiese klasse in die middae kan gebruik word om die PAT af te handel en vir ander praktiese aktiwiteite soos deur die skool bepaal.

Inhoudskontrolelys
Hieronder is 'n kontrolelys wat jy behoort te gebruik om te verseker dat al die inhoud vir Graad 12 volledig gedek is.

Oorsig van Onderwerpe

Veiligheid
Veiligheidsgevare: drie stappe van 'n gevaarbeheerstelsel
BGV Wetgewing: plaasveiligheidsregulasies volgens die BGV Wetgewing.

Strukturele Materiale
- Metaalallooie
- Sintetiese materiale
- Elektriese omheinings

Energie
- Alternatiewe energie: wind, son, geotermiese en bio-energie

Konstruksieprosesse
- Gevorderde sweistegnieke

Apparaat en toerusting
- Oes- en gewasbewerkingsmasjinerie/ -toerusting
- Trekkerstelsels

Besproeiing en Watervoorsiening
Oorhoofse besproeiingstelsels (makrobesproeiingstelsels):
- besproeiingskedules
- verwydering van afvalwater
- watersuiwering/-versagting

Kommunikasie
- Rekenaar en besproeiingsbeheerstelsels
- Rekenaars wat enjins, implemente en toerusting beheer en monitor (GPS; CIS; VRT).

Tekeninge
- Maak vryhandsketse van strukture, geboue en implemente.

Afmetings, bewerkings en kalibrasies
- Probleemoplossing met dataversameling

Assessering
- **SGA**: 25% **100 punte**
- **PAT projek**: 25% **100 punte**
- **Finale eksterne eksamen** (Nov): 50% **200 punte**

Die volgende **formele asseseringstake** is verpligtend:
- Een praktiese taak
- Een kontroletoets
- Junie eksamen
- Voorbereidingseksamen. Hierdie eksamen bevat dieselfde inhoudsverspreiding en formaat as die finale eksamen vraestel.
- PAT
- November eksamen

Die eksterne eksamen vraestel is soos volg saamgestel:
- **NSS eksamen vraestel**: (3 uur) **200 punte**
- **Afdeling A**: Vraag 1 (Kortvrae) **40 punte**
- **Afdeling B**:
  - **Vraag 2**: Materiale en Strukture **35 punte**
  - **Vraag 3**: Energie **20 punte**
  - **Vraag 4**: Vaardighede en Konstruksieprosesse **35 punte**
  - **Vraag 5**: Apparaat, Implemente en Toerusting **40 punte**
  - **Vraag 6**: Waterbestuur **30 punte**

Wenke vir sukses
- Vra jou onderwyser vir die inhoudsraamwerk van graad 12. Plak dit in jou werkboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die toepaslike bladsynommer in die handboek langs elke onderwerp neer.
- Berei jouself voor om grafieke te teken en te interpreteer, berekeninge te doen, gevallestudies en scenario's deeglik te lees, diagramme te interpreteer (ook die byskrifte) en om jou kennis toe te pas.
- Gebruik soveel moontlik vorige Landboutegnologievraestelle om jou vir die eksamen voor te berei.
- Die PAT moet akkuraat en netjies volgens die PAT-riglyne gedoen en in die voorgeskrewe tyd afgehandel word.
- Take en praktiese take moet volgens die riglyne gedoen en betyds ingelewer word.

SKANDEER MY!
Landboutegnologie Oorsig